

Lorna Dreyer*

Op 3 Desember vier ons die jaarlikse Internasionale Dag vir Persone met Gestremdhede (IDPG). Die tema vir 2020 is *Building Back Better: toward a disability-inclusive, accessible and sustainable post COVID-19 world*. Om hierdie dag te gedenk, onderneem die Verenigde Nasies (VN) om “die volle en gelyke deelname van persone met gestremdhede te bevorder en om aksiestappe te doen vir die insluiting van persone met gestremdhede in alle aspekte van die samelewing en ontwikkeling”.

Soos ons almal ervaar het, is 2020 heeltemal deur die uitwerking van COVID-19 ontwig. Hoewel opvoedkundige inrigtings regoor die wêreld die bevordering van volle deelname vir mense met gestremdhede verwelkom het, het die pandemie uiterste uitdagings opgelewer om die akademiese onderneming aan alle studente voort te sit.

COVID-19 het nie die internasionale inklusiewe onderrig-agenda om ’n geskiedenis van ongelykheid en ontoereikendheid te oorkom, verminder nie. Baie instellings moes aanpas en na “nood-aanlyn onderrig en leer” oorskakel. Wanneer ons oor gestremdhede praat, is die klem hoofsaaklik op die verskaffing van toegang en deelname van mense met fisieke en sensoriese gestremdhede wat by opvoedkundige inrigtings ingeskryf is.

Aangesien fisieke ruimtes nie toeganklik was gedurende die pandemie nie, was die opritte, hysbakke, ensovoort van baie min waarde. Wat duidelik na vore gekom het, was die behoefte vir ’n meer tasbare tipe toegang. Dit is ware toegang tot die kurrikulum. Hierdie “abnormale” situasie het verskeie hindernisse meegebring, soos internetverbinding, beskikbaarheid van data en sosio-ekonomiese uitdagings (om maar net ’n paar te noem), wat aanlyn onderrig en leer baie uitdagend gemaak het.

In ooreenstemming met die tema van vanjaar se IDPG, wil ek op Spesifieke Leergestremdhede (SLG) fokus wat minder sigbare hindernisse tot leer tot gevolg het en waarna daar dus dikwels as “onsigbare gestremdhede” verwys word. Volgens die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging is dit ’n neuro-ontwikkelingssteuring wat “gediagnoseer word wanneer daar spesifieke agterstande in ’n individu se vermoë is om inligting doeltreffend en akkuraat te verstaan of te verwerk”.

’n Spesifieke leergestremdheid affekteer een of meer van die basiese kognitiewe prosesse wat vir begrip benodig word en het ook ’n invloed op die gebruik van gesproke of geskrewe taal. Daarom ondervind die individu ’n onvoldoende vermoë om te “luister, dink, praat, lees, skryf en spel of om wiskundige berekenings te doen”, soos aangedui deur die Leergestremdhedevereniging van Amerika.

Hierdie hindernisse hou ernstige gevolge vir akademiese prestasie in, aangesien hulle die vermoë beïnvloed om te leer of om spesifieke akademiese vaardighede te gebruik wat die grondslag vir ander akademiese leer uitmaak. Mense met SLG het gewoonlik ’n gemiddelde of bogemiddelde intelligensie. Dit lyk egter of daar ’n gaping tussen die persoon se potensiaal en ware prestasie is.

Toestande wat as SLG geklassifiseer word, sluit in gehoorverwerkingsteuring, diskalkulie (wiskundige leergestremdheid), disgrafie (skryfsteuring), disleksie, taalverwerkingsteuring, nieverbale leergestremdhede en visuele waarnemings- of visuele motoriese agterstand. Ander verwante steurings sluit in aandagsgebrek-hiperaktiwiteitsindroom (AGHS), dispraksie (ontwikkelingskoördinasiesteuring) en uitvoerende disfunksie- en geheuesteuring. Dit is egter belangrik om nie leergestremdhede met leerprobleme te verwar nie. Leerprobleme is hoofsaaklik die gevolg van visuele, gehoor- en motoriese gebreke, intellektuele gestremdheid, emosionele versteuring, of omgewings-, kulturele of ekonomiese nadele.

Met die toepassing van inklusiewe beleide en ondersteuningstrukture op die vlak van basiese onderwys, is daar wêreldwyd ’n toename in studente met gestremdhede wat by universiteite inskryf. Suid-Afrika het die Siftings-, Identifikasie-, Assessering- en Ondersteuningstrategie (SIAO) aangeneem

om van 2017 af by alle openbare skole in werking gestel te word. Hierdie strategie maak voorsiening vir die vroeë opsporing van hindernisse tot leer, soos SLG, ten einde so vroeg as moontlik toepaslike ondersteuning aan leerders te verskaf.

Ons departement van Hoër Onderwys en Opleiding het tans nie 'n soortgelyke beleid om die voorsiening van ondersteuning voort te sit wanneer studente inskryf nie. Aanvanklike pogings om inklusiewe praktyke te bevorder, het die toeganklikheid van geboue beklemtoon om studente met fisieke en sensoriese gestremdhede se deelname te verbeter. Namate al hoe meer studente met SLG wat ondersteuning op skoolvlak ontvang het, egter by tersiêre inrigtings begin inskryf het, is beleide ontwikkel om hulle te ondersteun. Desnieteenstaande moet studente hulleself as 'n SLG verklaar ten einde hierdie ondersteuning te ontvang. Hulle moet hul behoefte aan ondersteuning “bewys” deur 'n onlangse assesseringsverslag van 'n sielkundige in te dien.

Dit is dus glad nie verrassend dat 'n oorsig van literatuur van 1994 tot 2017 oor die ervarings van voorgaande studente met SLG toon dat hulle verkies om nie hul gestremdheid bekend te maak nie weens 'n vrees vir stigmatisering en moontlike negatiewe beskouings van dosente. Hierdie vrees vir stigmatisering blyk ook om bevestig te word wanneer studente onwilligheid van dosente ervaar om die behoefte aan behoorlike inklusiewe praktyke in die klas te erken.

Studente ervaar nie net 'n gebrek aan die konsekwente inwerkingstelling van universiteitsbeleide wat gemik is op ondersteuning vir studente met gestremdhede nie, maar het ook opgemerk dat die inklusiewe praktyke van een departement na 'n ander by dieselfde inrigting verskil. Dit wil voorkom of daar oor die algemeen geen eenvormige interpretasie van beleid onder doseer- en administratiewe personeel is nie.

Hierdie ervarings laat studente voel dat die dosente hulle “misverstaan” het, of laat hulle “skuldig voel om vir ondersteuning te vra”. Waar ondersteuning verskaf is, was dit geneig om 'n onbuigsame een-grootte-pas-al-mal-benadering te wees. Dit is dus nie verbasend dat die meeste studente op hul portuurgroep en gesin vir ondersteuning staatmaak nie. Hulle skryf ook hul sukses toe aan hul eie vasberadenheid en deursettingsvermoë.

Universiteite moet lesse uit die COVID-19-pandemie leer om verder as sigbare strukture te kyk en te beweeg ten einde ware toegang en deelname aan alle studente, veral diegene met gestremdhede, te verskaf. Indien universiteite inklusiewe sentrums van uitnemendheid vir almal wil wees, moet hulle toesien dat SLG as 'n gestremdheid “sigbaar” en aanvaarbaar word. 'n Vertrekpunt behoort die ondersteuning en opleiding van dosente te wees om beleide te verwelkom en in werking te stel wat betekenisvolle toegang sal verskaf.

***Prof Lorna Dreyer is hoof van die departement Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch.**